DEPARTMENT OF EDUCATION

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

LEFAPHA LA THUTO

ISEBE LEZEMFUNDO

FRANCES BAARD DISTRIK

GRAAD 10

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

JUNIE 2014

PUNTE: **120**

TYD: **2 ½ uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings.

- **AFDELING A: Kyk- en Leesbegrip** (VRAAG 1 - 3) (30)
- **AFDELING B: Opsomming** (VRAAG 4) (10)
- **AFDELING C: Taal** (VRAAG 5 – 8) (60)
- **AFDELING D: Letterkunde** (VRAAG 9 - 10) (20)

2. Lees ALLE instruksies baie goed.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin elke AFDELING op ‘n nuwe bladsy.

5. Trek ’n streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

7. Laat ’n reël oop na elke antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinkonstruksie.

9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP

VRAAG 1: INLIGTINGSTUK

TEKS A

Lees die TEKS hieronder en beantwoord die vrae.

Die geldstelsel

1 Om vandag artikels te koop, is so maklik. Vandag loop jy net na die winkel, neem wat jy wil hê of benodig en betaal daarvoor. Lank, lank gelede was dit anders.

2 Die primitiefste manier was ruilhandel. Tydens hierdie transaksie het mense een artikel vir ’n ander een verruil. As jy byvoorbeeld groente nodig gehad het, het jy jou skaap daarvoor verruil. Die skaap se waarde was nou meer en hulle moes besluit wat nog gegee moes word om die waarde dieselfe te kry. Nou kan ons sien hoe ondoeltreffend ruilhandel was.

3 Baie jare later is geld ontdek. In daardie tyd het byna alles as geld getel: krale, skulpe en selfs vishoeke. In die omgewing van Turkye is munte van goud gebruik.

4 Soos die tyd verbygegaan het, het die mense gesien dat dit moeilik is om met ’n sak vol goue munte rond te loop. Dit het die diewe gelok. Die Grieke en Romeine het tjeks begin gebruik om te verhoed dat hulle van hulle goue munte beroof word. Die tjeks is gebruik om die mense met wie hulle handel gedryf het te betaal. Hierdie tjeks was nie net maklik om rond te dra nie, maar het diefstal verminder. Die tjeks kon slegs gebruik word deur mense aan wie dit uitgemaak is.

5 Banke het ook later note in ruil vir goud uitgereik. Die banknote is in die plek van muntstukke gebruik. Die regering het hierdie idee aangeneem en papiergeld gemaak.

6 Vandag geniet ons die gerief van papiergeld en muntstukke wat baie lig is. Die tegnologie het ook daartoe gelei dat ons vandag kredietkaarte en debietkaarte gebruik om handel mee te dryf.

Bron: *Internet* (vrylik vertaal)

1.1 Skryf in DRIE sinne neer waarom dit vandag maklik is om produkte te koop? (paragraaf 1) (3)

1.2 Skryf EEN woord uit paragraaf 2 neer om die outydse koopproses te beskryf. (1)

1.3 Ruilhandel het nie gewerk nie.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

1.4 Skryf TWEE items neer wat in die ou dae as geld gebruik is. (paragraaf 3) (2)

1.5 Waar is goue munte ontdek? (1)

1.6 Noem TWEE probleme wat goue munte veroorsaak het.(paragraaf 4) (2)

1.7 Wat was die oplossing van die probleme in Vraag 1.6 genoem? (1)

1.8 Watter TWEE voordele het die oplossing in Vraag 1.6 genoem mee gebring. (2)

1.9 Kies die KORREKTE antwoord.

"Die tjeks kon slegs gebruik word deur mense **aan wie dit uitgemaak** is" (paragraaf 4) beteken ...

A die tjeks kon deur enige mens uitgeskryf word.
B slegs mense wie se name op die tjeks verskyn kon dit wissel.
C slegs mense wat hulle name op die tjeks skryf kon dit uitskryf.
D slegs die banke kon die tjeks uitskryf. (1)

1.10 "Banke het ook later note **in ruil vir goud** uitgereik." (paraggraaf 5)

Wat dink jy beteken die vetgedrukte woorde. (1)

1.11 Waarom dink jy het hulle die note "banknote" genoem? (1)

1.12 Wat is die VERSKIL tussen die muntstukke van die ou dae en die muntstukke van vandag? (2)

1.13 Sou jy sê dat kredietkaarte en debietkaarte vandag beter is as tjeks. Motiveer jou antwoord met TWEE voorbeelde. (2)

[20]

TEKS B

Lees die advertensie en beantwoord die vrae.

Bron*: Internet (vrylik vertaal en aangepas)*

3.1 Waarom is “Ek haat jou!” vetgedruk en in groot letters geskryf? (1)

3.2 Waarom, dink jy, volg daar ’n uitroepteken na “Ek haat jou!”? (1)

3.3 Watter statistiek vind die leser in die advertensie? (1)

3.4 Wat is die funksie van die statistiek wat gegee word? (1)

3.5 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

Die vraag, “Kan jy help?” is ’n ...

A retoriese vraag.
B lastige vraag.
C moeilike vraag.
D sensitiewe vraag. (1)

3.6 Wat beteken dit om kindermishandeling met ’n “kliek” te stop? (1)

3.7 Die kind voel hartseer.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

3.8 Hoe dra die swart agtergrond by tot hoe die kind voel? (1)

3.9 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

“Stop wreedheid teenoor kinders. **PUNT**”

Die vetgedrukte punt dui aan dat die adverteerder ...

A sy standpunt gemaak het.
B niks te sê het nie.
C die advertensie afsluit.
D wil sê dat die leesteken na die sin volg. (1)

3.10 Wie is die teikengroep van hierdie advertensie? (1)
[10]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2: GELUKKIGE VOETE

GELUKKIGE VOETE

- Som die sewe WENKE oor **hoe om jou voete gelukkig te hou** in JOU EIE SEWE VOLSINNE op.
- Jou opsomming moet 60 woorde wees.
- Die opsomming moet puntsgewys (1 – 7) opgesom word.
- Skryf die getal woorde onder aan die opsomming.
- MOENIE aanhaal nie.

1.
Was elke dag jou voete en dra elke dag skoon sokkies. Almal se voete sweet en daarom moet dit baie skoon gehou word.

2.
Hou jou toonnaels kort deur dit gelyk te knip. Moet dit nie rond knip nie, want jy sal ingroei toonnaels ontwikkel.

3.
Droog jou tone versigtig af, veral tussen die tone. 'n bietjie voetpoeier tussen die tone help om dit droog en vars te hou.

4.
Maak seker dat jou sokkies pas. Te klein sokkies kan jou netsoos te klein skoene jou voete beskadig.

5.
Om soveel as moontlik kaalvoet te loop is baie goed vir jou voete. Dit hou jou voete gesond.

6.
Wanneer jy skoene koop, moet jy die kenner op die gebied van skoene toelaat om te kyk dat dit behoorlik pas.

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

Lees die strokiesprent en beantwoord die vrae.

Calvin en Hobbes

Bron: Internet (vrylik vertaal)

3.1 Gee die korrekte VERKLEININGSVORM van die woord tussen hakies.

Calvin is ’n klein (seun). (1)

3.2 Kies die korrekte VOEGWOORD tussen hakies. Skryf die sin uit.

Calvin lê op sy bed (oor/omdat) hy wil slaap. (1)

3.3 Gee die korrekte VOORSETSEL.

Calvin lê ... die slaapsak. (1)

3.4 Vorm die korrekte SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Hulle slaap in die tent onder die (maan + lig). (1)

3.5 Kies die KORREKTE woord.

In raampie 2 staan die tent langs ’n (denneboom/deneboom). (1)

3.6 Gee die OORTREFFENDE TRAP VAN VERGELYKING van die woord tussen hakies.

Dit is die (donker) nag wat Calvin ooit gesien het. (1)

3.7 Voltooi die sin deur die TEENOORGESTELDE GESLAG in te vul.

Calvin sê (seuns) kan nie in die tent slaap nie. (1)

3.8 Kies die korrekte lettergreep wat die KLEM dra in die woord, spoke.

spoˈ – ke
spo - keˈ (1)

3.9 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

Calvin en sy hond is baie (bang). (1)

3.10 Kies die korrekte woord om die uitdrukking te voltooi.

Liewer bangjan as ... beteken dat dit beter is om liewer lafhartig te wees as om dood te gaan.

A oorle' jan
B dooie jan
C ronde jan
D vreeslike jan (1)
[10]

Kyk na die prent en beantwoord die vrae.



Bron: Internet

4.1 Skryf die sin in die INDIREKTE REDE
Ma vra: "Wil julle roomys hê?"
Begin só: Ma vra of ... (2)

4.2 Skryf in die DIREKTE REDE.

Melvin skree dat hy sy speelding wil hê.
Begin só: Melvin skree: "..." (2)

4.3 BEANTWOORD die volgende VRAAG.

Wie se speelding is dit?
Begin só: Dit is ... (1)

4.4 Verander die stelsin na 'n VRAAGSIN sodat die vetgedrukte woord die antwoord is.

Die seuns baklei. (1)

4.5 Skryf die INTENSIEWE VORM van die vetgedrukte woord neer.

Ma het ’n **wit** bloes aan. (1)

4.6 Gee die korrekte VORM van die woord tussen hakies.

Melvin en sy broer is ’n (twee), want hulle is op dieselfde dag gebore. (1)

4.7 Skryf die vetgedrukte AFKORTING voluit.

Die **TV** is afgeskakel. (1)

4.8 Skryf die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Die speeding is (klein) as die kinders. (1)

[10]

VRAAG 5

PROSA

Lees die teks en beantwoord die vrae.

TANNIE SARIE IS DIE ... IN

1 Tannie Sarie se hoenders was haar trots.
2 Sy het ’n baie mooi haan gehad.
3 Haar tuinwerker het haar (in die kombuis) (uitasem) vertel (een middag) die haan lê dood by die sinkdam.
4 Toe sy daar kom, het sy onmiddellik besef dit is ’n misdaadtoneel.
5 Tannie Sarie het die haan 5 m van die sinkdam gekry. Sopnat.
6 Daar was klei in die haan se bek.
7 Daar was klei in die haan se keel.

***

8 Sy het reguit na Hendrik se kamer marsjeer.
9 Sy sleep hom aan sy voet onder die bed uit.
10 “... het jy dit gedoen?”
11 Hendrik sê dat die hoender kan swem.
12 “En die klei in sy keel?”
13 Hendrik sê dat hy die haan op die grond neergesit het.
14 “Die haan wou nie staan nie.”
15 Ek was bang hy gaan dood.
16 Toe het ek die klei in sy keel gedruk om te keer dat hy **sy laaste asem uitblaas.”**

5.1 Watter SPREEKWOORD pas die beste by die prentjie.

Skryf net die vraagnommer (5.1.1) en die letter (A-D) neer.

Tannie Sarie is die ... in, beteken tannie Sarie is baie kwaad.

A voëls
B hoenders (1)
C ganse
D haan

5.2 Skryf die sin oor in die TEENWOORDIGE TYD.

Sy het 'n baie mooi haan gehad. (1)

5.3 RANGSKIK die groepe woorde tussen hakies in die korrekte volgorde.

Die tuinwerker het haar (in die kombuis) (uitasem) vertel (een middag).
Begin só: Die tuinwerker het haar ... (1)

5.4 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Dit is 'n misdaadtoneel. (1)

5.5 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.

Tannie Sarie het die haan 5 m van die sinkdam gekry.
Begin só: Die haan ... (1)

5.6 VERBIND die sinne met die woord tussen hakies.

Daar was klei in die haan se bek. Daar was klei in die haan se keel. (en) (1)

5.7 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Sy sleep hom aan sy voet onder die bed uit. (2)

5.8 Vul die KORREKTE VRAAGWOORD in.

"... het jy dit gedoen?" (1)

5.9 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Hendrik sê dat die hoender kan swem.
Begin só: Hendrik sê dat die hoender ...
(2)

5.10 Skryf die sin oor in die DIREKTE REDE.

Hendrik sê dat hy die haan op die grond neergesit het.
Begin só: Hendrik sê ... (2)

5.11 Skryf die sin in die TEENWOORDIGE TYD.

Die hoender het gestaan. (1)

[14]

VRAAG 5.2: PRENT MET KORT TEKS

Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

Bron: Internet

5.12 Kies die korrekte antwoord.

Meneer hou by 'n (laer skool / laarskool / laerskool) skool. (1)

5.13 Gee die antoniem van die vetgedrukte woord.

Meneer **haat** die laaste dag van die skool, maar is ... vir sy werk. (1)

5.14 Kies die korrekte antwoord.

Dit is teen die skoolreëls om met 'n ... in die klas te speel. (1)

A tuin slang
B tuinslang
C waterpyp
D water pyp (1)

5.15 Skryf die Afrikaanse woord van die vetgedrukte woord neer.

Een kind het met sy ***pet*** skool toe gekom. (1)

5.16 Kies die korrekte antwoord uit die raampie.

Aan die einde van elke kwartaal maak die kinders groot lawaai in die klas, m.a.w. hulle neem die klas op... .

harnas	horings	plesier

(1)

[6]

TOTAAL AFDELING C: 40

AFDELING D: LETTERKUNDE

VRAAG 6

AFDELING D: LETTERKUNDE

Kaleidoskoop – samestellers: D Noke en A van Niekerk

VRAAG 6: Koer-Koer: Tilla Diedericks

1 Die Vrydag gaan voer hy sy duiwe. Ek sien julle Maandag, moenie
2 worry as my pa so aangaan nie. Hy maak maar so, veral na sy brandewyn.
3 Maandagaand bedien sy ma 'n pastei, soetwortels en patat en gebraaide aartappels en
4 wragtig rys ook.

6.1 Waarom het die seun met duiwe begin boer? (1)

6.2 Noem TWEE redes waarom die seun vir die duiwe kos gaan koop het. (2)

6.3 Kies die korrekte antwoord.

Die seun het die duiwe … keer per dag gevoer.

A 4
B 3
C 2
D 5 (1)

6.4 Watter TWEE werkies het die seun gedoen om geld te verdien. (2)

6.5 Hoe gereeld het die seun vir die duiwe kos gekoop? (1)

6.6 Hoeveel het die seun vir ’n sak kos betaal? (1)

6.7.1 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? (1)

Die seun het nooit gedink om iets anders as duiwekos te koop nie.

6.7.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.7.1. (1)

6.8 Waar het die seun se pa gewerk? (1)

6.9 Kies TWEE negatiewe beskrywings van die pa.

A Die pa was nie lief vir sy vrou nie.
B Sy klere was altyd vuil.
C Hy het na sweet gestink.
D Hy kon nie goed sing nie. (2)

6.10 Noem TWEE redes waarom die familie nie ryk was nie. (2)

6.11 Noem EEN rede waarom die ma baie lui was. (1)

6.12 Wat het die ma soms gedoen om ’n ekstra inkomste te kry? (1)

6.13 Watter teleurstelling het die seun gekry toe hulle die Maandagaand eet? (1)

6.14.1 Het sy ouers reg opgetree? (1)

6.14.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.14.1 (1)
[20]

VRAAG 7: Op soek na Johnnie September: Melvin Whitebooi

1. “So?” vra die jongerige javel langs my uit die bloute.
2. Hy het ’n oop, vriendelike gesig en kort geknipte hare...
3. “Just passing through,” lieg ek...
4. “Weet jy,” sê hy, en ek kan nie sy oë miskyk nie, “jy’s sowaar die eerste *whitey*
5. wat sy voete in *Alice* kom sit. Nou vra ek my die heeltyd af: hoekom die *Alice*?
6. “Apartheid is dood,”sê ek stil. “Dis ’n nuwe Suid-Afrika. Ons het verkiesing
7. gehou. ’n Ou kan gaan drink waar hy wil.”

7.1 Waar speel die verhaal af? (1)

7.2 Waarom het almal stil geraak toe die man ingestap het? (1)

7.3.1 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Motiveer jou antwoord.

Alice is die kroegman se naam. (2)

7.4 As wat doen die *whitey hom voor (die beroep)*? (1)

7.5 Vir wie werk hy? (1)

7.6 Die *whitey* noem dat hulle ’n vervolgreeks wil maak. Waaroor sal dit handel? (1)

7.7 Wat is die *whitey se naam?* (1)

7.8 Wie is die javel? (1)

7.9 In wie se verhaal het die *whitey belang gestel?* (1)

7.10 Kies die korrekte antwoord.

Johnny September is in ... doodgeskiet.
A 1990
B 1993
C 1997
D 1999 (1)

7.11 Vul die KORREKTE woorde in. Skryf net die vraagnommer (7.11.1 – 7.11.4) en die woord in die ANTWOORDEBOEK neer.

Transvaal, Uitenhage, Christiaan Louw. ANC, Johnny September, terroris, soldaat,

Frank ken vir (7.11.1...). Hy was ’n jong man van (7.11.2...) Johnny se pa sê dat hy nie ’n (7.11.3 ...) was nie. Hy het net ’n paar biere saam met hulle gaan drink en het nie geweet dat hulle (7.11.4 ...) was nie. (4)

7.12 Kies die korrekte antwoord van die woorde tussen hakies.

Johnny se pa het gaan (stem/bid) om te bewys dat hy vrede gemaak het met Johnny se dood. (1)

7.13 Johnny se meisie gebruik ’n groot politieke figuur wat ook mense vergewe het. Wie is die politieke figuur? (1)

7.14 Wat het Johnny nagelaat? (1)

7.15 Wie was Christiaan Louw werklik? (1)

7.16 Kies die korrekte antwoord van die woorde tussen hakies.

Die tema van die verhaal is (bely jou verkeerde dade/vergewe mekaar). (1)

[20]

TOTAAL VIR AFDELING D: [40]
GROOTTOTAAL: [120]